Praat minder, vra vereerde

■ DIRK KOK

MARQUARD. – Aan die einde van 'n spoggeleentheid waarop mnr. Dirk van Reenen, stigter en besturende direkteur van Sparta Beef, deur onder andere politici vir sy enorme bydrae in die sakewêreld en samelewing vereer is, het Van Reenen opgestaan en na die politici gekap: "Praat minder en doen meer."

Die 76-jarige Van Reenen is Vrydag op 'n geselligheid in die stadsaal deur sy familie, werknemers van Sparta, rolspelers in die voerkraalbedryf en deur politici vir sy lewe, werk en die verbetering van mense se lewe vereer.

Van Reenen, wat in huldeblyke as 'n regverdige, nederige en reguit man beskryf is, het aan die einde van die spoggeleentheid die laaste spreukbeurt gevra. Hy was reguit en op die man af.

"Dankie vir al die huldeblyke. Dit is wonderlik om te hoor, maar vat van dit maar met 'n knippie sout.

"Ek dink ek het vir die politici 'n stukkie raad. Dit is gratis raad. Praat minder en doen meer. Op werksessies word gepraat en gepraat. Daar word baie gepraat, maar min gedoen.

"Ek kan die politici die versekering gee ek het nog altyd geloof in hierdie plek en land gehad. Daar is egter ook grense. 'n Mens kan ook nie te veel geloof hê nie.

"Aan elke plan moet ook 'n tydraamwerk gekoppel word. Dit is mooi om te sê goed gaan gedoen word, maar dit is tot almal se voordeel as dit gebeur."

Hierna het hy in 'n kort huldeblyk aan een van sy staatmakerwerknemers, wyle mnr. Piet Ramakobo, gebring.

"Hy was ongeletterd en 'n leier van manne. Hy het ons Sparta-plase bestuur. Hy het mense aangestel en mense afgedank wat nie hul werk gedoen het nie."

Hulde is ook op die geleentheid gebring aan 'n tiental werknemers van Sparta wat almal al langer as 'n kwarteeu vir dié onderneming werk.

Van Reenen, 'n boorling van Marquard, het Sparta Beef in 40 jaar tot 'n multimiljoenrand-onderneming, wat in die Vrystaat aan meer as 1 000 mense werk verskaf, uitgebou.

Die meeste werkers besit hul eie huise en personeel se kinders wat op skool presteer, word met studiebeurse gehelp.

Mev. Mamiki Qabathe, LUR vir landbou, het op die geleentheid gesê: "Ek staan hier as 'n swart vrou om hulde te bring aan 'n wit man met 'n goeie hart teenoor almal en 'n man wat nie kleur sien nie.

VEREER. Mnr. Dirk van Reenen (voor), stigter van die Sparta-vleisgroep met sy voerkraal en hoofkantoor op Marquard, 'n slagplaas in Welkom en 'n groothandelonderneming in Gauteng, is Vrydag op 'n spoggeleentheid in die Marquard-stadsaal vereer. Agter is mnr. Dave Ford, uitvoerende direkteur van die SA Voerkraalvereniging, en Van Reenen se vrou, Bettie. FOTO: DIRK KOK

"Ek is passievol oor die griefskrif teen rassisme wat ek vroeër vandag (Vrydag) as ANC-leier by die Universiteit van die Vrystaat (UV) oorhandig het, maar net so passievol oor goeie dade. Daarom het ek gesorg ek is hier."

Sy het Van Reenen en sy familie geloof vir hul rol in armoedeverligting, werkskepping en die verbetering van mense se lewe.

"Ons het meer Dirk van Reenens in die land nodig. Suid-Afrikaners het mekaar nodig. Ons het die kapasiteit en vermoë om saam te werk."

Mnre. Dave Ford, uitvoerende direkteur van die SA Voerkraalvereniging, en Piet de Wet, vriend en sakevennoot van Van Reenen, het gesê Van Reenen is 'n pionier van die voerkraalbedryf in Suid-Afrika en in die wêreld.

■ **Lees op 28 Maart *Landbou-Volksblad* vir meer oor Van Reenen en die suksesvolle Sparta.**